

## Bylae I (B)

Geagte \_\_\_\_\_ (Ouer/Voog)

### Hantering van leerders met komorbiditeite

Daar is baie omskrywings van komorbiditeite. Vir ons doeleindes word 'n komorbiditeit beskou as 'n chroniese gesondheidstoestand of 'n meewerkende siekte wat saam met die impak van Covid-19-voorkoms, die siekte kan vererger.

Ons is bewus dat u kind met 'n bestaande komorbiditeit gediagnoseer mag wees.

Indien wel, en in die belange van u kind se veiligheid, bied hierdie brief aan u as ouer/voog van 'n leerder met 'n ernstige komorbiditeit, die opsie om u kind tuis te hou as 'n toegewing en toesig te hou oor sy/haar tuisleer vir die volgende rukkie totdat die pandemie afneem.

As u van hierdie konsessie gebruik wil maak, moet u asseblief die volgende doen:

1. Voltooi die aangehegte vorm (Bylae I (C)).
2. Verskaf 'n mediese verslag van die mediese praktisyn wat na hulle toestand omsien oor die geskiedenis van die toestand.

Benewens die verskaffing van bogenoemde dokumente, moet ouers/voogde instem tot die volgende:

1. Ouers moet toesien dat daar 'n bevorderlike leeromgewing vir die leerder tuis is. Dit sal leerruimte, hulpbronne, ens. insluit.
2. Aanvaar verantwoordelikheid vir die daaglikse toesig oor die tuisonderrig van hulle kinders, ingeslote die daaglikse werk en assesserings.
3. Aanvaar verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle ingelig is oor watter werk geleer moet word en watter werk daaglik voltooi moet word.

4. Ouers moet toesien dat alle werk en werkopdragte by die skool afgehaal en afgelewer word, soos deur die skool verlang word.

Dis belangrik dat ouers die verantwoordelikheid vir die daaglikse leer van hulle kind aanvaar.

As u kind reeds 'n ingeskryfde leerder van die skool is en gereelde insette en ondersteuning van hulle onderwysers ontvang, bly u as die ouer/voog verantwoordelik vir die voortgesette betaling van skoolgeld.

As u as 'n ouer/voog van 'n leerder met 'n komorbiditeit nie hierdie konsessie en die gepaardgaande verantwoordelikhede kan aanvaar nie, moet u kind voortgaan om skool by te woon.

Ons sien uit na u antwoord en bevestig ons toewyding aan voortgesette ondersteuning in u kind se beste belange.

Die uwe

---

Prinsipaal:

Skool:

Datum: